

Vraag 2

Bereken en toon alle bewerking:

2.1 $-1 + \frac{2 \times 4 + 2}{2} + 0,5$ (3)

2.2 $99,72 - 25,68$ (1)

2.3 $25 + \frac{2}{5} - 22\frac{3}{5}$ (3)

2.4 $\frac{3}{7}$ van R49 (2)

2.5 $-2 + (-2) - (-2)$ (2)

2.6 $2,3 \times 7$ (1)

2.7 $\sqrt{144} + (2 + 5)^2 - (-1)$ (4)

2.8 $3\frac{3}{8} + 2\frac{1}{4}$ (2)

Vraag 3

3.1 Voltooi die volgende getalpatrone deur die ontbrekende waardes in te vul:

3.1.1 $-88; -83; \underline{\hspace{1cm}}; -73; \underline{\hspace{1cm}}; \dots$ (2)

3.1.2 $11, 25; \underline{\hspace{1cm}}; 11, 55; 11, 7; \dots$ (1)

3.1.3 $1\frac{1}{4}; 2; \underline{\hspace{1cm}}; \underline{\hspace{1cm}}; 4\frac{1}{4}; \dots$ (2)

3.2 Die reël vir 'n getalpatroon word gegee as: $T_n = n^2 + 2$.

Gebruik die gegewe reël om die onderstaande tabel te voltooi: (3)


n	1	2	3	7	9		13
T_n	3	6	11		83	146	

3.3 Die volgende getalpatroon word gevorm deur 2 by 3 keer 'n sekere getal te tel.

Voltooi die getalpatroon deur die ontbrekende waarde in te vul: (1)

$\underline{\hspace{1cm}}; 35; 38; \dots$

3.4 Henlo gebruik wit en swart sirkels om 'n patroon te pak:



3.4.1 Voltooi die onderstaande tabel: (6)

Prentnommer (x)	1	2	3	4	6	10
Aantal wit sirkels (y)	3	5	7	9		
Aantal swart sirkels (z)	1	2	3	4		
Totale aantal sirkels (q)	4	7	10	13		

3.4.2 Skryf 'n algemene reël om y te bereken deur x te gebruik. (2)

3.4.3 Skryf 'n algemene reël om q te bereken deur x te gebruik. (2)

[19]

Vraag 4

Los op vir x in elkeen van die volgende vergelykings:

4.1 $4x + 3 = 15$ (1)

4.2 $\frac{x}{\sqrt{4}} = 8$


(2)

[3]

Vraag 5

Die onderstaande grafiek toon die inflasiekoers vanaf 2008 tot 2022.

Inflasie die laaste 15 jaar



Bron: <https://www.netwerk24.com/netwerk24/sake/ekonomie/inflasie-was-in-2022-die-hoogste-in-13-jaar-20230118>

5.1 Tussen watter twee jare is die grootste afname in die inflasiekoers aangeteken vanaf 2008 tot 2022? (1)

--

5.2 Wat was die persentasie toename in die inflasiekoers tussen 2020 en 2022? (1)

5.3 In watter jaar het die inflasiekoers 'n minimum bereik? (1)

--

5.4 Bereken die gemiddelde inflasiekoers tussen 2013 en 2017. (3)

[6]

Totaal: [55]